

27 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 10: 44-48 (NAV)

Fokusgedeelte: Handeling 10:46

God berei vir Hom lof uit alle monde

Die werk van die Here in sy kerk raak mense ver buite ons eie kring. Die kerk is die gelowiges uit alle volke en tale en nasies (Jes 9:1; 60:1-3). Cornelius en sy mense het wel in die Here geglo en vroom gelewe (Hand 10:2), maar hulle was nie Jode nie (vs 1), daarom het die Joodse Christene nie met hulle omgegaan nie en nie in hulle huis gekom nie (vs 28).

God verander dit egter deur die gesig wat Petrus sien (vs 9-16). Bewys dat God ook ander ingetrek het, is dat Petrus opdrag kry om na Cornelius se huis toe te gaan en terwyl hy nog met hulle oor die dinge van Jesus praat, ontvang hulle die Heilige Gees. Hulle begin in tale praat en prys God (deur Hom in hulle lof groot te laat wees) sodat die gelowiges verbaas was (letterlik buite hulleself gestaan het).

In ons feesvieringe van die GKSA 150 jaar, staan een ding duidelik: God vergader sy volk uit wie Hy wil. Ook jy mag deel daarvan wees. Wat jou afkoms ook mag wees. Jou het Hy geroep. Vir jou sê Hy: *My kind!* Ook vir ander sê Hy dit. Aanvaar mekaar dan so tot eer en lof van God.

Cornelius vra Petrus om oor te bly. Hulle oefen die gemeenskap van die heiliges. Ons mag en moet in ons fees dankbaar die hande na mekaar uitsteek. Na medegelowiges. Saam God prys!

Sing: Psalm 65:1, 4 (1936-beryming)

Ds LD Aucamp (Emeritus)

